Een Man Kan 'n spelplan ontwikkel om geweld te beëindig

AKSIEBLAD: AFRIGTERS

> ‘n Rugbyspeler sê in die kleedkamer aan sy spanmaats dat hy gisteraand ‘n meisie deurgedraf het. Hy sê hy moes haar aanhou druk, maar sy het uiteindelik ingegee

Twee spelers gebruik by ‘n oefening taal wat vroue beledig. Die afrigter voel ongemaklik en raai dat dit ook die geval is met die ander spelers. Hy wil iets sê maar is nie seker hoe nie.

Twee afrigters stry in die klubhuis oor wat hulle moet doen oor hulle ster-speler wat daarvan aangekla word dat hy sy vrou aanrand. Een sê hulle behoort hom te skors, die ander sê hy’s onskuldig totdat sy skuld bewys word

Hoekom moet ‘n afrigter mans en seuns aanmoedig om standpunt in te neem teen huishoudelike en seksuele geweld?

Sport was nog altyd aan die voorpunt van maatskaplike verandering. Deelname aan sport het Suid-Afrika gehelp om segregasie en rassisme af te breek; dit kan mense byeenbring en hulle inspireer.

Mans en jong mans wat by sport betrokke is, het tradisioneel nie gedink aan geweld teen vroue en meisies as iets wat hulle behoort aan te spreek nie. Maar ander mans bewonder sportmanne dikwels. Dink maar net aan die invloed wat die ster -sokkerspeler het, of die kaptein van die rugbyspan.

Vandag word daar ‘n beroep gedoen op jou as afrigter om iets te doen aan ‘n belangrike probleem in die samelewing: geweld teen vroue en kinders. Huishoudelike en seksuele geweld is ‘n groot probleem wat jou atlete raak, sowel as mense op alle vlakke van die lewe.

Elke afrigter is in ‘n posisie wat hom toelaat om direk ‘n invloed te hê op die houding van sy atlete en om te help om die minagtende sienings van vroue en meisies uit te skakel wat bydra tot geweld teen vroue en meisies.

Groot afrigters het nog altyd meer as net die spel afgerig. Hulle leer hulle spelers eer, volharding, selfrespek, dissipline, spanwerk en respek vir ander mense. Dit is alles eienskappe en vaardighede wat net so belangrik is in die lewe as op die speelveld.

Jou atlete luister na jou; hulle is gewoond daaraan om jou opdragte te volg oor voorbereiding, tegniek en prestasie, en jy kan hulle aandag gebruik om hulle ook oor die lewe te leer. Om in sport te wen vereis krag, aggressiwiteit en selfs intimidasie. Ongelukkig besef baie jong mans nie dat wedstrydstrategieë nie noodwendig in die ware lewe gebruik behoort te word nie.

Deur jou atlete te leer dat jong vroue verdien om met eer en respek behandel te word en dat geweld nie gelykstaan aan krag of manlikheid nie, sal jy jou jong mans help om die belangrike onderskeid te tref tussen wedstryde en die lewe.

Die Een Man Kan Aksietoerusting sluit materiaal in wat jou sal help om ander mans te motiveer om standpunt in te neem teen huishoudelike en seksuele geweld. Jy sal ’n t-hemp, plakkers en plakkate kry wat jy in jou kantoor of by die klub kan opplak. Jy sal ook ’n aantal feiteblaaie kry wat jou idees sal gee oor hoe jy aktief kan optree, hoe om ‘n oorlewende te steun en hoe om met ander gemeenskapsorganisasies saam te werk.



Dié dokument maak deel uit van die Een Man Kan Aksietoerusting, ‘n inisiatief van Sonke Geslagsgelykheid en die Provinsiale Regering van die Wes-Kaap. Besoek vir meer inligting www.genderjustice.org.za/onemancan

Wat kan afrigters doen om seuns en jong mans aan te moedig om meer aktief te wees met die beëindiging van geweld teen vroue en kinders?

1. Maak van die begin af duidelik wat jy van die spelers verwag: Die eerste amptelike oefendag is 'n spesiale dag. Dit is in daardie tydperk voor die eerste wedstryd dat jy baie van jou afrigting doen. Dit is wanneer jy strategie implementeer, doelwitte stel, verwagtinge oordra en die grondslag lê vir die spangees. Dit is ook die ideale tyd om die speelveld vir jou spelers te skets wat geweld teen vroue betref. Moedig hulle aan om met jou te praat en laat hulle weet watter dienste beskikbaar is om geweld te hanteer.

2. Maak jou siening duidelik: Sit jou siening uiteen oor wat dit beteken om 'n man te wees. Verduidelik dat terwyl aggressiwiteit en intimidasie 'n plek het in sport, 'n perk oorskry word as daar in die ware lewe so teenoor meisies opgetree word en dat dit nie in jou span geduld sal word nie

3. Laat jou spelers dié seisoen weet dat hulle doelwitte verder strek as net die speelveld: Maak dit vir jou spelers duidelik dat hulle dié jaar geleer sal word om vroue met eer en respek te behandel en dat hulle moet verstaan dat geweld nooit dieselfde is as krag nie. Verduidelik aan hulle dat jy hulle sal steun om hulle profiel en status te gebruik om ander mense aan te moedig om standpunt in te neem teen geweld en om meer betrokke te wees by die voorkoming van MIV-besmetting.

4. Wees 'n model van dissipline en integriteit: Moedig dissipline en respek aan deur positiewe, konstruktiewe opleiding - onthou dat dissipline en respek by die afrigter en die res van bestuur begin. Leer die spelers deur jou optrede hoe belangrik respek is - vir jouself en vir ander, selfs wanneer dinge moeilik is en jy nie wen nie.

5. Moedig spelers aan om mekaar te steun om nie-geweldadig te bly: Herinner hulle daaraan dat spanmaats moet praat as hulle dink iemand is betrokke by 'n situasie waarin respek nie teenoor vroue of meisies betoon word nie. Herinner hulle daaraan dat goeie vriende mekaar steun om uit die moeilikheid te bly en te verander. Gebruik 'n paar minute tydens oefening en voor wedstryde om spelers daaraan te herinner dat hulle optrede van die veld af die hele span raak.

6. Gebruik geskikte geleenthede: As 'n afrigter is jy gewoond daaraan om te beplan vir moontlike wedstrydscenarios. Doen dieselfde en beplan saam met jou span hoe julle geweld teen vroue gaan hanteer. Sekere situasies of gedrag wat onder jou spelers voorkom sal jy nie kan verhoed nie, maar dit kan altyd jou die geleentheid gee om met die res van die span te praat en die verkeerde dinge reg te maak.

- **Geskikte Geleentheid 1: Hanteer oneerbiedige kleedkamerpraatjies en seksuele grootpratery.** Wanneer jy hoor dat jou spelers praat oor 'n meisie se seksuele reputasie, oneerbiedige houdings inneem teenoor vroue of praat oor om druk op vroue te plaas om seks te hê, het jy die geleentheid om op te voed. Herinner jou spelers daaraan dat manlikheid nie definieer word deur talle seksuele maats te hê nie en dat "Nee" "nee!" beteken in enige seksuele situasie en ELKE KEER. Dit is wat reg is, en dit is die wet! Hanteer die sitausie onmiddellik.

- **Geskikte Geleentheid 2: Daag slagofferblamering uit.** Wanneer mans vroue die skuld gee vir verkragting en huishoudelike geweld, laat dit die oortreder skotvry. Gebruik jou posisie om slagofferblamering uit te daag. Maak dit vir jou spelers duidelik dat geen vrou "vra" vir seksuele teistering of verkragting nie – maak nie saak wat hulle dra, hoeveel drankies hulle gehad het nie en of hulle gewys het dat hulle in jou belangstel nie.

- **Geskikte Geleentheid 3: Daag seksuele teistering uit.** Verduidelik dat om vroue en meisies te tart beledigend is en dat meisies nie gespot moet word oor hoe hulle lyk of wat hulle kies om aan te trek nie. Noem dat die meeste meisies nie dié tipe aandag verwelkom nie en waarskynlik bang is om hulleself te verdedig. Laat hulle ten slotte weet dat die mans wat jy bewonder, dié is wat vroue en meisies met eer en respek behandel.

- **Geskikte Geleentheid 4: Spreek enige vermeende geweld aan wat 'n spanlid pleeg.** Teen die tyd dat jy hoor van geweld wat gepleeg is deur een van jou spanlede, praat die hele span waarskynlik daaroor. Jou spelers is waarskynlik bekommerd, kwaad en verward. Praat met die res van die span oor die erns van die aantygings en hoe dit verband hou met hulle toekomstige optrede. Maak dit duidelik dat bewerings van verkragting baie ernstig is en, as jy 'n skoolafrigter is, verduidelik dat dit die skool se verantwoordelikheid is om die situasie verder te ondersoek en om die polisie in kennis te stel. Sê aan hulle dat atlete nie bo die wet verhewe is nie. Hulle is eers en bo alles lede van die samelewing en rolmodelle.

EEN MAN KAN 'N VERSKIL MAAK
EEN MAN KAN 'N LEWENSAFRIGTER WEES

Meer inligting oor waar om steun te kry is in die Diensverskaffersgids in die Een Man Kan Aksietoerusting, of besoek ons webwerf www.genderjustice.org.za/onemancan

Dié dokument maak deel uit van die Een Man Kan Aksietoerusting, 'n inisiatief van Sonke Geslagsgelykheid en die Provinsiale Regering van die Wes-Kaap. Besoek vir meer inligting www.genderjustice.org.za/onemancan

Photos by Oscar Guiterez
Design by Limeblue +27 11 482 9470